KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 51 | Nr 30 | 30 Augustus 2026

# *"Dit is Saliger om te Gee as om te Ontvang"*

In sy toespraak aan die ouderlinge op pad na Jerusalem, waar die apostel Paulus vir 'n laaste keer groet, maak hy die opmerking dat Jesus gesê het: "*Dit is saliger om te gee as om te ontvang*"

Ons vind hierdie aanhaling egter nêrens in die Evangelies nie. Hierdie spreuk is 'n oorlewering wat nooit opgeteken is nie. Die Bybel bevat ook nie ALLES wat ons Here Jesus gesê en gedoen het nie. Wat vir ons in die Bybel opgeteken is, is wat nodig is om te glo dat Jesus werklik die Christus, die Verlosser is, soos Johannes dit beskrywe "*Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam."*

Ons bely in art. 7 van die NGB "*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê*" (Gal. 1:8).

Alles wat nodig is vir ons verlossing. 'n Mens kry die indruk dat die Bybel net sê wat nodig is, dit sê nie ALLES nie. As ons die Bybel van hoek tot kant ken, het ons nog net die nodigste inligting, want ons kyk nou soos in 'n spieël maar eendag sal ons alles ken en sien. (1Kor. 13:12)

Johannes bevestig ook met die laaste woorde van die evangelie, dat as alles wat Jesus gesê en gedoen het, opgeskryf moes word soos 'n joernaal, sal al die boeke van die wêreld nie genoeg spasie hê nie.

Laat ons die kosbare skat van God se Woord nie vergeet of nalaat of onderskat nie, want daaruit is alles wat nodig is vir ons verlossing. Uit God se Woord leer ons Hom ken. Deur die kennis van God in ons harte, kan ons waarlik ons vreugde in Hom vind.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 18, Ps 116-1:1,10 **Volgende week**: geen

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 30-Aug | B02 | Jan-Louis Bezuidenhout | Pieter vd Dussen | Hans Stronkhorst | Charl vd Bergh | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe |
| 06-Sep | B03 | Jacques Myburgh | Ds Lourens | Hendri v/d Walt | Hein Kaiser | Johan Hoogenboezem | Ronell Hoogenboezem |

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Sustentasiefonds** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Transoranje Instituut** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30 Aug. | Johan | Loock | B12 | 0823317277 |
| 31 Aug. | Eddie | Classen | A18 | 0769923940 |
| | Erich | Jacobs | C14 | 0828999176 |
| 01 Sep. | Rina | Burger | C06 | 0828538215 |
| | Luitha | Buys | C04 | 0722030024 |
| | Leonie | Nagel | C10 | 0844072196 |
| | Hein | Venter | C06 | 0833576141 |
| 02 Sep. | Megan | Gentle | B01 | 0725944278 |
| | Danie | Rheeders | B05 | 0822566028 |
| | Corné | Smuts | A18 | 0828899691 |
| | Martin | Venter | B02 | 0832608041 |
| 04 Sep. | Erhardt | Dorfling | A11 | 0626803230 |
| | Elizma | Duvenage | C08 | 0827896446 |
| | Paul | Grobler | C07 | 0826881445 |
| | Hannes | Holtzhausen | C05 | 0834128969 |
| 05 Sep. | Rozanne | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| | Dalene | Maritz | C04 | 0822985428 |
| | Louis | Müller | C10 | 0730033626 |
| | Philip | Schutte | B02 | 0827786397 |
| | Lizel | Smith | B10 | 0824191635 |
| | Lydia | van Rooyen | B10 | 0828569450 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Aug. | Ané | vd Walt | A08 | 0605421769 |
| 02 Sep. | Gretha | Grimsehl | C09 | 0732595552 |
| 03 Sep. | Troy | van Staden | A15 | 0761067724 |
| 04 Sep. | Lisa | van Biljon | A16 | 0729223393 |
| 05 Sep. | Haley | Terblanché | B02 | 0799388359 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."** Ps. 116:5*

- Baba Keanu Breedt is weer opgeneem in Unitas hospitaal (A14 – 0712207921).
- Trudie Steyn het 'n draai in die hospitaal gemaak(A5 – 0828867468).
- Raynard Pretorius sterk aan na 'n breukoperasie (B9 – 064 670 8929).
- Zané de Lange het 'n handoperasie ondergaan (C5 – 0791735813).
- Rita Boshoff sterk aan in die hospitaal, sy het ook geval en haar arm beseer (B6 – 082 365 6525)
- Johanna Venter ondergaan komende week 'n knie operasie (B8 – 0823358680).
- Alida de Bruin ondergaan Woensdag 'n rugoperasie in Zuid-Afrikaans Hospitaal (A18 – 0827879623).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

**Bouplanne** - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en *"soos-gebou-planne"* insluitend Stadsraad goedkeurings.

## Afri-Duetfees

Die GK Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die Sorg Met Eer projek vir ons emeriti.

Skakel of Whatsapp vir Riekie by 082 586 9167 en bespreek u kaartjies.

*Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde teenoor mekaar het.*

*Johannes 13:34-35*



## Plastiekdoppies

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**30 Aug.**

Marlene Erasmus C13

Gerti Erasmus C14

**6 Sept.**

Geen tee



# B Y B E L S K O O L




**4 Aug – 8 Sept 2026**

**U WORD HARTLIK UITGENOOI**

**Sessie 5 :** Ds Lourens Venter

**Tema 5**: Bid jy

**Datum**: Dinsdag 1 Sept 2026

**Tyd en plek:** 19:00-20:30
GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met jou *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing of kom net en betaal by die deur!

Kontak persoon:
Christi Venter: 082 940 1555



## *Voorspel inligting*

**Psalm 135 Oggenddiens**

Psalm 135 verkondig die waarheid van God se soewereiniteit: Hy alleen is God, Skepper en Koning. Sy genadevolle uitverkiesing van Israel beklemtoon sy vrye welbehae. Afgode is mensgemaakte nietighede. Daarom behoort die kerk alleen die Here te aanbid, Hom te vertrou en sy lof te verkondig, tot in ewigheid

**Psalm 35 Aanddiens**

Psalm 35 verkondig God se soewereine geregtigheid en sy sorg vir die verdrukte gelowige. Die Here is die Regter wat sy volk verdedig teen onreg en vals beskuldiging. Die psalm roep tot vertroue eerder as selfwraak, en wys uiteindelik na Christus, die Regverdige Lydende, wie se onskuld en verlossing die gelowige hoop gee.

## Wyse Gryses

Maandag **7 Sept**. 2026

om **11:30,** by die **Grot** (*Jeughuis*)

Ons lui die lente in met ‘’n gesellige baai. ’n Paar gewillige diakens gaan vir ons Eland wors en hoedersosaties braai. Bykosse is gereël.

Bring asb u eie drinkgoed en eetgerei saam! Dit sluit ’n poedingbakkie en lepel in.

Bevestig asseblief u teenwoordigheid met Ina Nel 0834087811 of Liesje Kuperus 0834811160 indien jy nie reeds bevestig het nie.

Almal hartlik welkom!


GEREFORMEERDE KERK CENTURION
Basaar!
Saam bou ons aan God se werk
PANNEKOEK
BREAKFAST BUNS
KERRIE-EN-RYS
SATERDAG
17 OKTOBER
2026
08:00 – 14:00
Moenie dit misloop nie!
KERKTERREIN
CENTURION
Iets vir die HELE GESIN!
KOEK- EN TERTTAFEL
Groot koeke en terte te koop!
BASAAR-POEDING
Vla en jellie met liefde gemaak!
KOFFIE & TEE
Kom kuier en ontspan saam!
KOELDRANK
Yskoud en verfrissend!
Kom kuier, koop en ondersteun!
UITSTALLERS
Handgemaakte artikels
KOFFIETUIN
Ontspan en kuier saam
LEWENDIGE MUSIEK
Vir oud en jonk
SPELETJIES VIR KINDERS
Kleintjies en tieners
WIT OLIFANTMARK
Kom soek 'n skat!
CRAFT BIER & GIN
Geniet verantwoordelik
GOEIE KOS ♥ LEKKER KUIER ♥ VRIENDLIKE MENSE ♥ GROOT HART


NUUT BY DIE BASAAR!
Archery
BOOGSKIET VIR ALMAL!
Kom toets jou mikvernuf!
Vir kinders, tieners en volwassenes!
Veilig • Pret • Uitdagend
Mik, trek en skiet die bullseye!
DAAR IS PRYSE TE WEN!
Basaar!
Saam bou ons aan God se werk
SATERDAG
17 OKTOBER
2026
08:00 – 14:00
Moenie dit misloop nie!
KERKTERREIN
CENTURION
GOEIE KOS ♥ LEKKER KUIER ♥ LEWENDIGE MUSIEK ♥ PRET VIR DIE KINDERS EN TIENERS!

# B a s a a r !

**Wanneer: 17 Oktober 2026**
**Tyd: 08:00 tot 14:00**

Dinge is nie net aan die roer nie, dit begin kook!

1. Ons benodig nog baie **helpende hande** met die volgende:

| | |
|---|---|
| Pannekoek | 'n Koördineerder, bakkers, strooiers, rollers en verkopers. Ons verskaf die stofies, deeg, suiker, kaneel, panne, soplepels en spane. |
| Kerrie-en-rys | Opdieners en verkopers |
| Poeding | Organiseerder, opdieners en verkopers |
| Koeldrank | Verkopers |
| Koektafel | Skenkings en verkopers |
| Speletjies vir almal | Organiseerder vir die kinders tot graad 5, kaartjieverkopers en toesighouers. |

2. **Kontakte:** Tot dusver kan jy die volgende mense Skakel en jou hulp aanbied:

| | | |
|---|---|---|
| Kerrie en Rys | Erna le Riche | 0823322118 |
| Koektafel | Ina Wiegand | 0828874046 |
| Stalletjie bespreking | Tjaart vd Walt | 0828242933 |
| Vendusie | Jan Nel | 0823795935 |
| Wit Olifant | Ds Maarten van Helden | 0721431855 |
| Ontbytbroodjies | Pieter van der Dussen | 0824167188 |
| Koeldrank | Dirk Kotzé | 0736258180 |
| Koffietuin | Toekie Meyer | 0721930625 |
| Speletjies: Gr 6 tot….. | Zillah Johl | 0832991013 |

3. **Ons vra Donasies:** Plaas jou **donasies** in die **waentjie voor** die **ingang.**

| | |
|---|---|
| Pannekoek | Koekmeel, eiers, suiker, kaneel, sout, bakpoeier en leë 2 liter melk-/sapbottels |
| Kerrie-en-rys | Rou topside maalvleis, wit rys, blatjang, klapper, gemengde groente, aartappels |
| Poeding | Pakkies jellie, vla, leë roomysbakke, vars room, eiers, suiker, 'vanilla extract'. |
| Koektafel | Gebakte koeke en terte uit jou kombuis |
| Ontbytbroodjies | Eiers, kaas, spek, uie en hamburger buns |

**RAPPORT AAN DIE KERKE VAN DIE KURATORE VERGADERING VAN 21-22 JULIE 2026**

Die Kuratorium van die GKSA is ‘n vergadering van afgevaardigdes uit die kerke deur Streeksinodes in Suid-Afrika en die Nasionale Sinode in Namibië. Hulle het die opdrag om toesig te hou oor dosente, studente en die kurrikulum van die Teologiese Skool in Potchefstroom. Die Kuratorium het aan die begin van sy vergadering ‘n saak van konstituering in ooreenstemming met die Sinodebesluit 2026 hanteer. Die kuratorium het van 21-22 Julie vergader en rapporteer graag aan die kerke.

1. **Besluite van Algemene Sinode 2026**

Die Algemene Sinode van 2026 het die volgende besluite rakende die opleiding van predikante vir die GKSA geneem:

- Die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) bly die amptelike opleidingsentrum waar alle GKSA-kandidaatstudente ingeskryf word. Vir die akademiese aspek van die opleiding is die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) die aangewese opleidings instansie van die GKSA
- Wat die akademiese opleiding van nuwe eerstejaar-kandidaatstudente in 2026 betref, het die Sinode besluit dat studente hulle studies óf by die GTA óf by Mukhanyo Theological College (MTC) kan volg.
- Hierdie besluit dien as 'n oorgangsreëling terwyl die GTA besig is met plaaslike akkreditasieprosesse.
- Studente wat by die NWU ingeskryf het, kan hulle studies aan die universiteit voltooi. Die beroepe professore sien hierdie studente deur tot aan die einde van hulle studies DV 2029.

Teologiese opleiding is tans in unieke omstandighede met studente wat by die TSP aan drie verskillende opleidingsinstansies studeer.

2. **Studente sake**

Daar is tans vyf en veertig studente wat aan die TSP studeer om hulle as predikante te bekwaam. Die kuratore neem met dank kennis van die studente se vordering in hulle studies. Daar is tans elf studente in die K6 jaar. Die finale jaar van studie is in die besonder daarop gemik om die studente vir die bediening voor te berei.

Tydens die vergadering het die kuratorium die voorreg gehad om kandidaat sertifikate aan vier student te oorhandig. Ons bede is dat die Here broeders Jaco Roets, Pieter Deysel, Tsediso Matheba en Mixo Manganye verder op hulle pad sal lei waar hulle moet voorberei om by die onderskeie streeksinodes aan te meld vir eksaminering kragtens artikel 4 van die Kerkorde. Br Andries Kruger wat kragtens Kerkorde Artikel 9 aangemeld het, het aan die vereistes voldoen om die Kandidaatsertifikaat te ontvang. Hy kan dus ook by die Streeksinode aanmeld om kragtens art 4 van die Kerkorde beroepbaar gestel te word.

Die kuratorium doen ‘n ernstige beroep op kerke om in die lig van art 19 van die KO om geroepe broeders aan te moedig om vir teologiese studies aan te meld. “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid daarom die Here van die oes dat Hy arbeiders uitstuur om sy oes in te samel.” (Matteus 9:37b, 38).

3. **Personeel**

Oor die afgelope jare het die aantal beroepe professore by die TSP van agtien na sewe afgeneem. Die werksdruk van die professore het oor die afgelope tyd toegeneem. In die lig hiervan het die kuratorium besluit om die moontlikheid te ondersoek om ‘n professor in Teologie te beroep, ten einde die GTA en die TSP te versterk. Die opleiding van Kandidaat studente wat tans aan die NWU en by MTC studeer, lê by die beroepe professore.

Onderrig aan die GTA geskied tans deur tydelike dosente, wat uit predikante van die GKSA bestaan. Die kuratore neem met dank kennis van die belangrike werk wat die professore in terme van KO artikel 18 aan die TSP doen tot opbou van die kerke en die uitbreiding van die Here se koninkryk.

Die werk van die registrateur en ondersteunende personeel is onmisbaar en word hoog op prys gestel.

4. **Opleiding GTA**

'n Belangrike strategiese oogmerk vir die GTA is die verkryging van binnelandse akkreditasie. Die GTA is tans druk besig met die voorbereiding vir akkreditasie deur die Raad op Hoër Onderwys, asook registrasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Die huidige ooreenkoms met die Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS) verstryk op 10 Desember 2026. Nietemin gaan die GTA voort om sy eie kapasiteit uit te bou en die ontwikkeling van die Ad Fontes-platform vir aanlyn onderrig verder te bevorder.

5. **Finansies**

Die finansiële posisie van die TSP is oor die algemeen gesond en word ook goed bestuur. Die kuratore neem met kommer kennis van die ekonomiese druk waaronder lidmate en gemeentes verkeer, soos dit sigbaar word in dalende ramings inkomste en lidmaat getalle.

Die kuratorium neem met sorg kennis van al hoe meer studente in finansiële nood en wil hulle behulpsaam wees. Die fondse van die Studentehulpkas bly onder druk terwyl die basiese lewenskoste van studente styg. Die kuratorium doen ‘n beroep op gemeentes om soos moontlik die fonds te ondersteun en daartoe by te dra. Die kuratorium wil die moontlikheid ondersoek dat ‘n gemeente of gemeentes saam ‘n student “aanneem” en so gedeeltelike verantwoordelikheid vir sy dag tot dag versorging aanvaar.

6. **Verhouding TSP en NWU**

Die ooreenkoms wat dekades tussen die TSP en die NWU bestaan het, loop aan die einde van 2026 ten einde. Hiermee kom ‘n verhouding wat tot groot voordeel van die kerke gestrek het tot ‘n einde. Die onderhandelingsproses om die belange tussen die twee instansies te ontbondel is aan die gang.

7. **Navrae**

Indien kerke navrae het rakende Teologiese opleiding of die Rapport, kan hulle met die Voorsitter van die Kuratorium of die Registrateur TSP skakel.

8. **Voorbidding**

Die werk aan die TSP ter wille van die opleiding van Woordbedienaars kan nie voortgaan sonder die voorbidding van die kerke nie. Die kuratorium vra veral voorbidding vir:

- Genoeg broeders wat die gawes en die roeping ontvang om as Woordbedienaars bekwaam te word.
- Beroepe professore om in gehoorsaamheid aan Christus hulle roeping uit te leef tot opbou van die gemeentes en uitbreiding van sy Koninkryk.
- Die opleidingsinstansies GTA, MTC en NWU om in veranderende tye met onderskeidingsvermoë diensbaar in die koninkryk van die Here te wees.
- Die kuratorium om hulle taak van toesighouding met erns en tot opbou van die TSP en die kerke uit te voer.
- Dat die Here sal voorsien sodat daar op geestelike en stoflike gebied genoeg gawes sal wees om in hierdie dens te volhard.

Drs Heinrich Zwemstra en Christiaan Jooste

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## Sê jy, wanneer dinge verkeerd loop, steeds: "Die Here is my herder, ek ly nie gebrek nie."

**Skriflesing:**
Psalm 73 (2020)

**Teksvers:**
Psalm 73:25

**Sing:**
Ps 138:1,5
Sb 7-2:1,2
Ps 73:1,2
Ps. 73:7,11,12
Sb 13-3

Dr Douw Breed

Kan gelowiges eerlik sê, wanneer dit baie, baie sleg gaan, dat niks hulle ontbreek nie? Wat leer die Heilige Gees in Psalm 73?

1. Moenie in slegte tye probeer om:
   - feite te ignoreer nie (vv. 3-14);
   - optelsomme te maak nie (vv. 3-14) of
   - met die verstand alles te probeer beredeneer nie (v.16).
2. Let op jou getrouheid aan God se geslag (v.15)
3. Hartsverandering:
   - Hoe? (v.17);
   - Waartoe? (vv. 14-28)

## SONDAGAAND 18:00

## Geseënd is die Siel wat Dors na God

**Skriflesing:**

Psalm 42:1-12 (2020)

**Teksvers:**
Psalm 42:3-5

**HK:** Sondag 25

**Sing:**
Ps 42:1,3
Ps 42:2, 4,6
Ps 42:5,7
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

"*My siel dors na God*" Is dit nie geweldige woorde nie? Dat jou siel so dors is, dat dit uitgedroog en leeg voel, en die enigste verlange is om dit te laaf met God self.

Ons is so geneig om te dink dat alles van die wêreld ons sielsbegeerte sal vervul. Ons dink dat geld en goed ons verlange sal stil maak.

Hier in Psalm 42 leer ons 'n waardevolle lewensles, God alleen is die Een wat ons siele vertroos en berusting gee. Geseënd is die siel wat dors na God.